

SONDAG: 46

VRAAG EN ANTWOORD: 121

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?			
Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie	1	Jeremia 23:23-24 Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.	Ek is nie 'n God wat net naby is nie, sê die Here, Ek is 'n God wat ook ver weg is. Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here.
		Handelinge 17:24-25 Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.	God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee.
		Handelinge 17:27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;	God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie,
en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het	2	Romeine 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.	"Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik,